



**Raamwerk vir die Implementering van die UK-Taalbeleid
2025 – 2029***

Verantwoordbare/Uitvoerende Beampte	Voorsitter: Senaat
Goedgekeur deur die Raad	12 Desember 2024
Hersieningsiklus	5 Jaar
Volgende Hersieningsdatum	2029

Raamwerk vir die Implementering van die UK-Taalbeleid

Die doel van die Universiteit van Kaapstad se raamwerk vir die implementering van die taalbeleid is om riglyne te gee aan fakulteite en afdelings vir die ontwikkeling van hul onderskeie taalimplementeringsplanne:

1. Die aanwysing van tale vir onderrig en leer en studies in spesifieke dissiplines;
2. Die ontwikkeling en bevordering van inheemse tale as inspirasie vir akademiese studie en navorsing; en
3. Die bevordering van institusionele meertalige praktyke.

Hierdie raamwerk moet in samehang met die universiteit se taalbeleid gelees word.

Noodsaak van die beleid	Implementeringsriglyne
1. Die aanwysing van tale vir onderrig en leer en dissipline-spesifieke studie	
IsiXhosa sal toenemend gebruik word as 'n taal van onderrig, leer en assessering, saam met Engels. Daarbenewens word die gebruik van alle amptelike Suid-Afrikaanse tale aangemoedig vir onderrig, leer en assessering.	<ul style="list-style-type: none"> - Hulpbronne sluit in, maar is nie beperk tot die ontwikkeling van materiaal, vertalings en die skep van meertalige woordelyste, en/of die voorsiening van tolkdienste nie. - 'n Beplande strategie vir onderrig en leer, soos pedagogiese transtaligheid, kan gebruik word. - Met die totstandkoming van die taaleenheid kan assesserings in UK-tale vertaal word soos en wanneer dit benodig word.
Alle voorgraadse studente (volgens SAKO NKR-vlakke 5-7) wat nie 'n gemarginaliseerde Suid-Afrikaanse inheemse taal as 'n vak op Graad 12-vlak geneem het nie, of nie vaardig is in 'n Afrika-inheemse taal nie, word aangemoedig om 'n kursus in isiXhosa-kommunikasie te doen.	Fakulteite wat nog nie 'n Afrika-inheemse taalkursus aanbied nie, word aangemoedig om sulke kursusse in hul kurrikula in te sluit (sien die kursusse wat in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aangebied word).
Die universiteit sal daarna streef om PhD-abstrakte in gemarginaliseerde Suid-Afrikaanse inheemse taal te laat vertaal.. Studente word aangemoedig om tesse in enige amptelike Suid-Afrikaanse taal, waar moontlik en wenslik is, te lewer.	Die totstandkoming van die universiteit se taaleenheid sal fakulteite en afdelings op versoek van dienste voorsien vir vertalings in die universiteit se amptelike tale.
2. Die ontwikkeling en bevordering van inheemse tale as inspirasie vir akademiese studie en navorsing	
Die universiteit is verbind tot die bevordering van navorsing en finansiële ondersteuning vir en oor inheemse tale deur hulpbronne beskikbaar te stel.	<ul style="list-style-type: none"> - Akademici wat navorsing doen in en oor inheemse tale kan ondersteuning ontvang. - Die ontwikkeling van dissipline-spesifieke taalhulpbronne, soos woordelyste, tekste, ens. - Navorsingsondersteuning vir meertalige pedagogieë vir hoër onderrig. - Die ontwikkeling van toepaslike sagteware-ondersteuning vir gemarginaliseerde tale en verskeie meertalige kommunikasie-instrumente.
3. Die bevordering van institusionele meertalige praktyke	
Interne institusionele kommunikasie, soos byvoorbeeld, maar nie beperk tot kampuskennisgewings, UK-nuus, kennisgewing, ens. nie, behoort in bepaalde of al die amptelike institusionele tale oorgedra te word, na gelang van die geleentheid en kommunikasiekanaal. Dit moet gedoen word op 'n wyse soortgelyk aan parlementêre dokument, veral met betrekking tot universiteitsnotules.	Die teikenmark moet in gedagte gehou word met die beplanning en verspreiding van interne kommunikasie.

Die vertaling van die universiteit se kommunikasie sal uitgevoer word in lyn met die parlementêre benadering. Die benadering sal voorsiening maak vir tolkdienste wat sal afhang van die versoeke ontvang en die beduidendheid van die dokument.

Twee of meer van die universiteit se amptelike tale behoort gebruik te word as kommunikasietale tydens amptelike funksies soos gradeplegtighede (en waar toepaslik, met die ondersteuning van 'n SASL-tolk).	'n Beplande strategie vir die voorsiening van tolkdienste moet ontwikkel word, met inagneming van die teikengehoor.
Amptelike universiteitstale behoort in belangrike geskrewe kommunikasie gebruik te word, insluitend maar nie beperk tot briewe, memoranda, UK-kommunikasies, notules van amptelike vergaderings, ens. Die UK-webwerf en fakulteitswebblaie behoort beskikbaar te wees in die amptelike universiteitstale. Naamborde moet meertalig wees en die amptelike universiteitstale moet gebruik word.	<ul style="list-style-type: none"> - Die teikengehoor moet oorweeg word met die vooruitbeplanning en verspreiding van kommunikasie soos briewe, memoranda, UK-kommunikasies, notules van amptelike vergaderings, ens. - Webwerfbestuurders is verantwoordelik vir die opdatering en instandhouding van webwerwe in ooreenstemming met die UK-taalbeleid. - Met die totstandkoming van die taaleenheid moet meertalige naamborde hersien en verbeter word deur die eenheid.
Kommunikasie- en bemarkingsmateriaal behoort die meertalige verbintenis van die Universiteit van Kaapstad te weerspieël en die toepaslike taal vir die teikengehoor moet gebruik word. UK respekteer die taalbeleide en voorkeure van sy belanghebbendes, vennote en eksterne korrespondente en behoort hul taalvoorkeure sover moontlik te akkommodeer, mits dit deel is van Suid-Afrika se amptelike tale.	Kommunikasie- en bemarkingsmateriaal moet betyds beplan word om te verseker dat die universiteit se verbintenis tot meertaligheid nagekom word.

Monitering en Bemiddeling

Die Taalbeleidskomitee is verantwoordelik vir die monitering van die implementering van die beleid. Vir navrae en kommer oor die taalbeleid moet personeel en studente hul onderskeie fakulteitsbestuur, die Departement van Studentesake of die Kantoor vir Inklusiwiteit en Verandering nader vir verdere hulp.

Evaluasie

Die Taalbeleidskomitee sal, sodra die verslae van die onderskeie fakulteite en afdelings oor die implementering van die taalbeleidontvang word, vorderingsverslae opstel. Hierdie verslae sal jaarliks aan die voorsitter van die Senaat voorgelê word.